# WYSGERIGE GRONDSLAE VAN DIE EKONOMIE VANUIT VAKWETENSKAP-LIKE STANDPUNT GESIEN*

## 1. *Inleiding en probleemstelling:*

In ons moderne tyd met sy belangstelling in tegniek en materialisme, is dit noodsaaklik om oor die grondbeginsels van die vakwetenskappe te besin. Versuim hiervan laat ons gevaar loop om die werklikheid uit verband te ruk.

Uit die aard van die saak kan hierdie grondbeginsels nie in die bestek van 'n enkele artikel volledig bespreek word nie. Daarom is dit die bedoeling om slegs enkele koppelingspunte tussen Wysbegeerte en die vakwetenskap Ekonomie aan te dui en om terselfdertyd tot 'n alternatiewe formulering van die studieterrein van die Ekonomie te kom.

'n Alternatiewe standpunt oor 'n bepaalde saak behoort altyd teenoor bestaande menings gestel te word. Dit kan egter nie binne die bestek van een artikel gebeur nie, en daarom sal hier slegs enkele aspekte van sommige ander standpunte gestel word, en wel net sover as wat dit van belang is om die hoofprobleem, naamlik wat die wysgerige grondslae van die Ekonomie is, toe te lig. Ek hoop om mettertyd die standpunt wat hier ontwikkel word teenoor ander standpunte te verdedig.

## 2. *Wysbegeerte en vakwetenskap:*

Dit is nie die bedoeling om in hierdie artikel die veel omstrede vraag te beantwoord oor wat Wysbegeerte nou eintlik is nie; ook nie om 'n volledige uiteensetting van die verband tussen vakwetenskap en Wysbegeerte te probeer gee nie. Dit is egter wel nodig om 'n aanduiding te gee van die wysgerige stelsel wat as uitgangspunt vir 'n beskouing oor die wysgerige grondslae van 'n vakwetenskap aanvaar word.

Vir die Christen-vakwetenskaplike is dit geen moeilike keuse om

* Hiermee my opregte dank aan die volgende persone wat op een of ander stadium waardevolle kommentaar op die inhoud hiervan gelewer het: Prof. S. du Toit, dr. S. C. W. Duvenage, dr. J. A. L. Taljaard en prof. S. P. van der Walt. Hiermee word nie te kenne gegee dat enige van die genoemde persone mede-verantwoordelik gehou kan word vir die inhoud, of selfs daarmee saamstem nie.

tussen die verskeidenheid van wysgerige stelsels een te kies wat aanvaarbaar is nie. Met *een* stelsel word hier egter verwys na 'n tipe stelsel en wel 'n stelsel wat hom met die Godgeskape werklikheid besig hou, met die uitdruklike veronderstelling dat hierdie werklikheid inderdaad deur God geskape is. 'n Stelsel dus wat die Heilige Skrif as primêre kenbron van die werklikheid aanvaar (nie as wetenskaplike handboek nie, maar as die spesifieke openbaring van God).

Waarin is dan die onderskeid tussen Wysbegeerte en vakwetenskap by die bestudering van die Godgeskape werklikheid geleë? Die Wysbegeerte het die bestudering van die totaliteit van hierdie werklikheid tot doel, maar op so 'n wyse dat die verband tussen dié totaliteit en die veelheid waaruit dit saamgestel is, duidelik blyk. Die vakwetenskap daarenteen moet hom besin oor die eie aard van 'n bepaalde onderskeibare aspek van die werklikheid.[1])

3. *Ontologie, kosmologie en antropologie:*

As dit aanvaar word dat daar iets soos 'n vakwetenskap Ekonomie is,[2]) moet dus 'n aspek van die werklikheid onderskei word wat die studieterrein van so 'n wetenskap kan vorm. Om hierin te slaag is 'n kennis nodig van dit wat bestaan, van dit wat is, van die ontologie dus.

Die ontologie is egter ook grondleggend vir die Wysbegeerte, omdat die ontologie hom met minstens drie onderskeibare, basies onherleibare werklikhede besig hou, te wete God, wet en kosmos.

Vir die vakwetenskappe vorm die kosmos egter by uitstek die studieterrein. Die kosmos is egter te omvangryk en te kompleks om in sy geheel en terselfdertyd ook in voldoende besonderhede bestudeer te word. Dit hoef egter ook nie, want in hierdie eenheid is daar veelheid, en die veelheid laat onderskeid (geen skeiding) van die aspekte van die werklikheid toe.

Die onderskeibare aspekte kan gerieflikheidshalwe in twee groepe verdeel word, te wete dié aspekte wat slegs op die mens as mens betrekking het en dié aspekte wat op die hele geskape werklikheid betrekking het. Eersgenoemde hou dus ten nouste verband met ons mensbeskouing. 'n Belangrike aspek van die kosmologie is dus die antropologie. Ontologie, kosmologie en antropologie is egter geen skeibare aspekte van die werklikheid nie maar slegs onderskeibaar.

Die vraag is nou: Hoe sien die Christen-gelowige die mens? Die mens is deur God as 'n *eenheid* van liggaam, siel en gees, geskape. In die terminologie van Berkouwer[3]) het ek met hierdie trichotomie nie trialisme nie, maar *trialiteit* in gedagte — dit wil sê, geen skeiding van

die mens in drie substansies nie maar onderskeiding in drie aspekte van sy eenheid.

Die eienskappe wat die mens as mens kwalifiseer is geleë in die menslike gees — die transendent-gerigte aspek van die mens — maar daaruit word die hele mens en dus ook die menslike liggaam op 'n bepalende wyse beïnvloed. Hierdie buite-kosmiese Godgerigtheid van die mens is verantwoordelik vir die bewaring van die eenheid van die mens. Maar juis uit hierdie eenheid ontstaan ook die veelheid, die kompleksheid, van die mens. „Uit die hart is die uitgange van die lewe" soos Strauss[4]) dit stel.

Die mens tree naamlik as eenheid op deur die vervulling van talryke funksies (handelinge). Hierdie handelinge is die resultate van beslissings deur die mens geneem, voortvloeiende uit sy transendente God-gerigtheid. In Dooyeweerd[5]) se terminologie kan hier dus van 'n „act-struktuur" van die mens gepraat word.

Die akt, as akt, is 'n vermenende daad — dit wil sê die innerlike werksaamhede van die mens waardeur hy op vermenende wyse met die werklikheid besig is. Die akt (beslissing) kan, maar hoef nie, tot 'n handeling[6]) te lei nie.

Die akt kan onderskei word in verskillende akt-funksies, te wete ken-akte, gevoelsakte en wilsakte, maar word nie deur hierdie funksies gekwalifiseer nie. „Human acts ... may assume the most different structures of individuality ... It is their very structure which makes the human body the field of free expression for the human spirit ... It is the immediate temporal expression of the human I-ness ..."[7])

4. *Antropologie en Ekonomie:*

Ondanks die feit dat die akte nie deur die aktfunksies gekwalifiseer word nie kan die feitelike akte onderskei word en wel omdat hulle, volgens Dooyeweerd, modaal bepaal is. Die *hoe* van elke akt-tipe is dus bepaalbaar en onherleibaar tot enige ander akt-tipe, terwyl die akt-struktuur van die mens as sodanig geen eie tipiese kwalifisering het nie.[8])

Hierdie *hoe*-bepaaldheid van die akte vorm volgens Dooyeweerd die kern daarvan. Die kern van elke akt word weer in alle ander akte weerspieël, sodat elke aspek van die werklikheid 'n beeld gee van die hele werklikheid,[9]) maar met die hoe-bepaaldheid van daardie aspek as die oorheersende.

Die verskillende aspekte van die werklikheid is egter onderhewig aan bepaalde struktuurwette wat alreeds in die algemene ontologie onderskeibaar is, en hierdie wette eis van die mens dat hy dit moet gehoorsaam.

Die mens aanvaar hierdie eise as behoeftes wat bevredig moet word. en dit vorm dan ook die motief vir die menslike akte of beslissings. Hierdie behoeftes is egter nie beperk tot iets materieels nie maar sluit ook die nie-materiële eise in wat aan die mens gestel word. Omdat die akte gerig is op behoeftebevrediging is dit duidelik dat dit hier gaan om vrywillige bewuste beslissings. Die vrywilligheid impliseer egter ook dat die mens 'n keuse moet hê by die neem van die beslissings.

Om die behoeftebevrediging te bewerkstellig is middele nodig wat oor die tegniese behoeftebevredigingseienskappe beskik. Die aanwending van hierdie middele, wat 'n tegniese daad is, moet egter altyd op 'n bepaalde akt (beslissing) volg. As daar dus 'n aspek van die werklikheid is wat as die ekonomiese aspek aangedui kan word, dan moet daar ook sprake wees van 'n ekonomiebeslissing.[10])

'n Noukeuriger beskouing van die betekenis van die woord ekonomie werp lig op die kern van hierdie tipe beslissing. Die woord „ekonomie" kom van die Grieks *oikonomos*, wat saamgestel is uit die woorde *oikos*, d.i. huis, en *nomos*, d.i. om te bestuur. Ekonomie beteken derhalwe om die huis te bestuur. Dit het dus te doen met die hantering van die middele wat nodig is vir die behoeftebevrediging. Middele wat egter volop is benodig geen reëling by die hantering daarvan nie. Gevolglik het die reëling slegs betrekking op die hantering van relatief skaars middele, dit wil sê middele waarna die potensiële vraag groter is as die beskikbare aanbod daarvan.

Om hierdie middele te kan aanwend vir behoeftebevrediging moet daaroor beskik word. Oor hierdie relatief skaars middele moet dus beskikkingsmag verkry word, en dit is alleen moontlik indien bestaande beskikkingsmag in „ruil" daarvoor opgeoffer word. Dit gaan dus om die *verkryging* van beskikkingsmag oor relatief skaars behoeftebevredigingsmiddele.

Verkryging beteken egter verwerwing en verwerf word taalkundig verklaar as „deur arbeid, verdienste of moeite verkry" — dit wil sê verkry in ruil vir 'n bewuste teenprestasie, 'n opoffering. Dit is die kernaard van die ekonomiebeslissing — die eie *wat*-bepaaldheid daarvan.

Hierdie beslissing kom in die praktyk in drie vorme voor, te wete as 'n ruilbeslissing, 'n produksibeslissing en 'n verbruiksbeslissing[11]) en dek dus die tradisionele terrein van die Ekonomie as vakwetenskap. Dit kan dus met vrymoedigheid 'n ekonomiebeslissing genoem word.

Die ekonomiebeslissing kan dus gedefinieer word as 'n vrywillige, bewuste, menslike, keusebeslissing, waarvolgens beslis moet word oor die verkryging, al dan nie, van beskikkingsmag oor relatief skaars, direk of indirek bruikbare, behoeftebevredigingsmiddele.

Die studieterrein van die Ekonomie as vakwetenskap word bepaal deur die ekonomiebeslissing en het betrekking op alles wat direk daarmee in verband staan.

Dit is duidelik dat die studieterrein van die vak nie bepaal kan word sonder om dit in die Wysbegeerte te fundeer nie. Sonder kennis van die ontologie, die kosmologie en veral die antropologie, is dit nie moontlik om 'n eie terrein vir die Ekonomie te onderskei nie.

Die ekonomiebeslissing is egter nie net wat sy *aard* betref nie, maar ook wat sy *doel* (motief) betref, aan die Wysbegeerte gekoppel.

5. *Wysbegeerte en die doel van die ekonomiebeslissing:*

'n Studie van die antropologie in die regte verband met die kosmologie en ontologie gesien, lewer vir die Christen-wetenskaplike 'n besondere duidelike beeld oor wat die doel van die menslike beslissing in die algemeen, en van die ekonomiebeslissing in die besonder moet wees.

God as skepper het die kosmos in die algemeen tot eer en verheerliking van sy naam geskape. In die kosmos neem die mens egter 'n besonder belangrike plek in — die kroon van die skepping. Daarom het die mens dan ook 'n besondere skeppingsdoel, naamlik die beheersing van die skepping om sodoende God in alles en deur alles te verheerlik. Die vermoë om aan hierdie doel te beantwoord is 'n genadegawe van God. Die genadegawe is geleë in die God-gewilde kontak tussen God en mens en kom in die skepping van die mens tot uitdrukking in die feit dat die mens na die gelykenis van God — na Sy beeld — geskape is. Die mens is dus beelddraer van God. Hierbenewens weerspieël die mens in 'n algemeen-kreatuurlike sin (soos die res van die skepping) die glorie van God.

Die besondere vermoë om as beelddraer van God op te tree, het egter met die sondeval grotendeels verlore gegaan. Selfs in die algemeen-kreatuurlike sin is die beeld daardeur verdof. Nogtans het die roeping van die mens om beelddraer te wees, nie deur die sondeval verval nie. Die roeping het as oordeel oor die gevalle mens bly hang.

God het egter in sy groot genade deur Christus — die vleesgeworde Woord — hierdie verduisterde Beeld in die wedergebore mens herstel.

Daarom is die mens in 'n passiewe sin beelddraer en is dit eintlik God wat Hom in die mens afspieël. Die taak van die mens, na die wedergeboorte, is dus om dit wat hom 'n ongeskikte spieël gemaak het, deur middel van die verlossingsgenade van Christus uit sy lewe te laat verwyder en om in dankbaarheid, deur die genade van God, aan sy skeppingsdoel te probeer beantwoord.

Die mens behoort dus vir al sy beslissings as uiteindelike doel die verheerliking van God in alles en deur alles te hê. Hoe kan die mens egter in die praktyk hierin slaag? Meer spesifiek gestel: Hoe ondervind die mens hierdie eis tot verheerliking van God?

God het die mens, soos die res van die skepping, aan bepaalde wette onderhewig gestel. So is daar wette van getal en ruimte, fisiese, biotiese en psigiese wette. Die mens is egter ook onderhewig aan wette wat betrekking het op sy denke, die uitspreek van sy gedagtes, die vermeerdering van sy materiële besittings, sy liefde teenoor die self en andere, sy geloof en sekerheid, ens. Om dus werklik mens te wees moet die mens aan hierdie wette voldoen. Die gelowige het 'n begeerte om aan hierdie eise te voldoen, en hierdie begeertes noem ons behoeftes. Selfs die ongelowige, a-sosiale mens, ondervind egter sommige van hierdie behoeftes (eise), byvoorbeeld dié wat verband hou met die sogenaamde natuurwette, omdat ongehoorsaamheid aan hierdie wette onmiddellike nadelige gevolge meebring. Die ander eise waarvan veronagsaming eers op die langtermyn — of selfs in die hiernamaals — tot nadelige gevolge lei, word in 'n mindere of meerdere mate nie deur die ongelowige as behoefte gevoel nie. Vir die ongelowige is die skeidslyn tussen behoefte en nie-behoefte dus willekeurig, terwyl dit vir die gelowige vas staan, soos deur God aan Sy kinders geopenbaar.

Om God dus in alles en deur alles te verheerlik is die *uiteindelike doel*, ook van die ekonomiebeslissing. Hiermee is ons egter nog nie na genoeg aan die eie aard van die ekonomiebeslissing nie. Behoeftebevrediging is nie net die motief by die ekonomiebeslissing van die mens nie, maar by elke vrywillige beslissing. Dit kan dus hoogstens as 'n *verwyderde doel* gesien word, wat eers bereikbaar word indien die mens die beskikkingsmag oor die middele wat vir die behoeftebevrediging nodig is, kan kry. Die *onmiddellike doel* van die ekonomiebeslissing val dus ten nouste saam met die aard van die beslissing, naamlik die verkryging van beskikkingsmag oor relatief skaars, direk en indirek bruikbare, behoeftebevredigingsmiddele.

Dit is duidelik dat die motief vir die ekonomiebeslissing, as sodanig, nie aanneembaar is as basis vir die onderskeiding van die studieterrein van die vak nie. Die onmiddellike doel van die ekonomiebeslissing is niks anders as 'n verwesenliking van die aard van die beslissing en is niks meer as middel tot 'n hoër doel nie.

Gestel egter dat die verwyderde doel deur die ongelowige verhef word tot finale doel. Sou dit dan nie moontlik wees om die studieterrein van die Ekonomie aan te dui met behulp van die begrip behoeftebevrediging nie? Die strewe na behoeftebevrediging as sodanig lewer geen

waarborg dat die doel ooit bereik sal word nie. Soos Hennipman dit stel: Dit is „niet meer als een vrome wensch".[12])

'n Alternatiewe formulering om hierdie probleem die hoof te bied, soos byvoorbeeld die strewe na 'n maksimum behoeftebevrediging waarby reeds iets van 'n prinsipe by die doel gevoeg word, geluk ook nie. Dit beteken eenvoudig dat die doel van die ekonomiebeslissing gesubjektiveer word en dan verloor dit sy waarde as kriterium vir die ekonomiebeslissing.[13]) Dit blyk veral duidelik as besef word dat behoeftebevrediging noodwendig die motief vir alle vrywillige menslike keusebeslissing is, soos reeds in die vorige paragraaf aangetoon.

Dit is ook nie moontlik om behoeftes te onderskei en sommige behoeftes as ekonomiese behoeftes te klassifiseer en om dan te beweer dat die Ekonomie die bevrediging van hierdie behoeftes tot studieterrein het nie. Behoeftes as sodanig het geen eie aard nie.

6. *Wysbegeerte en die prinsipe van die ekonomiebeslissing:*

In die beskouing oor die verband tussen Ekonomie en antropologie is reeds aangetoon dat die ekonomiebeslissing *wat*-bepaal is en nie *hoe*-bepaal nie. Speel die *hoe*-aspek, die modale aspek, daarvan dan geen rol in die afbakening van die studieterrein van die vak nie? Die antwoord hierop is, na my mening, dat die beginsel — die hoe — van die ekonomiebeslissing wel van belang is om die beslissing en die ekonomiese aspek van die werklikheid in die algemeen, te ken. Dit is egter nie geskik as onderskeidingsbasis vir die studieterrein van die vakwetenskap nie.

Om hierdie stelling nader toe te lig en te probeer verifieer is dit nodig om eers vas te stel wat dan wel die prinsipe van die ekonomiebeslissing is. Om iets hieroor te sê is om te vra hoe die ekonomiebeslissing verrig word.

Op enige gegewe oomblik beskik die mens oor 'n veelheid van tasbare en ontasbare skaars middele wat op 'n erflike wyse aan hom toegeval het, tesame met die opgegaarde resultaat van sy arbeid in die verlede. Hierdie bestaande beskikkingsmag kan as sy *koopkrag* beskou word en kan direk of indirek aangewend word vir die bevrediging van behoeftes.

By die aanwending van die koopkrag gaan dit egter nie om die keuse tussen alternatiewe middele vir die bevrediging van behoeftes nie — dit is 'n suiwer tegniese keuse — maar om 'n keuse tussen verskillende moontlikhede tot verkryging van beskikkingsmag oor die *nodige* middele. Om hierdie keuse te kan maak is dit nodig om te weet wat verkry en wat opgeoffer word in die verskillende moontlike maniere waarop die

middele bekom kan word. Met die aard van die behoeftes as gegee; met die wete welke middele nodig is om die behoeftes te bevredig; met 'n kennis van die behoeftebevredigingsresultaat wat gerealiseer kan word indien die behoefte bevredig word; en verder met die omvang van die koopkrag as gegee, is dit moontlik om 'n keuse te maak met betrekking tot die verkryging van beskikkingsmag oor die nodige middele.

Om die keuse te maak moet die gegewe behoeftebevredigingsresultaat — dit wil sê *die opbrengs* — afgeweeg word teenoor die koopkrag wat prysgegee moet word om die beskikkingsmag oor die nodige middele te bekom — dit wil sê *die offer*.

Die omvang van die koopkrag wat opgeoffer moet word is onder andere afhanklik van hoe gunstig of ongunstig die verkryging van die beskikkingsmag oor die nodige middele sal wees en is bepaalbaar, indien vasgestel word wat die behoeftebevredigingsresultaat is wat verkrygbaar sou wees indien hierdie middele vir die bevrediging van 'n ander behoefte aangewend sou gewees het. Die verkryging van beskikkingsmag oor die nodige middele word bepaal deur die doel van die ekonomiebeslissing en moet dus 'n keuse wees wat die grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs toon. Hier is dus sprake van 'n vergelykende waarde-oordeel.[14])

Hierdie beskouing oor die ekonomiese prinsipe kom verbasend naby aan die modale bepaaldheid van die Ekonomie volgens Dooyeweerd. Hy beweer naamlik dat die sinkern van die modale wetskring van die Ekonomie „waarde-afwegende besparing"[15]) is. Die grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs is ‚besparing' en om hierdie besparing te kry is dit nodig om offer en opbrengs (waardes) teenoor mekaar af te weeg. Hiermee het ons dus ook die verwantskap tussen „ends and scarce means" waarvan Lionel Robbins in sy veelbesproke definisie van Ekonomie praat. Die definisie lees soos volg: „Economics is the science which studies human behavior as a relationship between ends and scarce means which have alternative uses".[16]) Ook vir Robbins word die vak gekenmerk deur die probleem van ekonomisering en vorm dan vir hom ook die studieterrein van die vak. Die verband tussen Dooyeweerd en Robbins kom nog duideliker op die voorgrond indien die definisie wat Robbins gee vergelyk word met die definisie van Dooyeweerd in sy *A New Critique of Theoretical Thought.* Die betekenis van ekonomie is volgens hom die „sparing or frugal mode of administering scarce goods, implying an alternative choice of their destination with regard to the satisfaction of different human needs".[17])

Waarom kan die modale bepaaldheid dan nie dien as afbakening van die studieterrein van die vakwetenskap Ekonomie nie? Dit is blykbaar wat Dooyeweerd beoog, mits die standpunt van J. M. Spier as 'n

bevredigende interpretasie vir die standpunt van Dooyeweerd aanvaar word. Spier beweer: „De oeconomie is de wetenschap, die het oeconomische systematisch onderzoekt"[18]) en met „oeconomische" bedoel hy blykbaar die „waardeafwegende besparing"[19]) — die sinkern van die ekonomiese wetskring.

Die feit dat die ekonomiese beginsel hier die studieterrein van die vak afbaken, is daarvoor verantwoordelik dat dit vir Dooyeweerd nodig word om te onderskei tussen sogenaamde suiwer en analoë gebruike van die begrip ekonomie. Hy argumenteer soos volg: Ekonomie vereis die balansering van behoeftes volgens plan, en die distribusie van die skaars middele tot ons beskikking volgens sodanige plan. In hierdie fundamentele betekenis word die term in die vakwetenskap Ekonomie gebruik. Hier is geen verdere modale kwalifikasie nodig nie. Buite die vakwetenskap moet hierdie ekonomisering deur 'n byvoeglike naamwoord gekwalifiseer word — dit wil sê modaal gekwalifiseer, byvoorbeeld logiese ekonomie, seremoniële ekonomie, ens. Tussen die suiwer en hierdie sogenaamde analoë gebruik is volgens hom 'n onweerlegbare samehang.[20])

Eintlik is hierdie ekonomiseringsprobleem eie aan elke aspek van die werklikheid — universaliteit in eie kring — dieselfde prinsipe is dus ook oral van toepassing. Nogtans kan dit nie van die ekonoom, as beoefenaar van die vakwetenskap Ekonomie, verwag word om hom te bemoei met logiese ekonomie of seremoniële ekonomie, ens. nie. Sonder om my met die filosofie van Kant te kompromiteer sou 'n mens hier in sy terme van „an inner law of nature"[21]) kan praat, wat na my mening die studieterrein van die wysgeer is en nie van die ekonoom nie.

Hierdie kritiek gaan *mutatis mutandis* ook op teen die standpunt van Robbins.

In Duits word hierdie onderskeid tussen die ekonomiese aspek van die werklikheid en die studieterrein van die vakwetenskap Ekonomie soms mooi aangedui met behulp van die woorde „Ökonomie" en „Wirtschaft"[22]) respektiellik.

Die ekonomiese prinsipe kan dus hoogstens die ekonomiese aspek van die werklikheid aandui. Anders gestel: Die *hoe*-bepaaldheid van die Ekonomie kan nie die studieterrein van die vakwetenskap afbaken nie.

In hierdie opsig is die beskouinge van Dooyeweerd en Robbins dus te breed. In 'n ander opsig is dieselfde beskouinge egter weer te eng. Hierdie ekonomiserende beginsel van Kant of die waarde-afwegende besparing van Dooyeweerd of die „relationship between ends and scarce means" van Robbins, is 'n tegniese afweging van alternatiewe aanwendingsmoontlikhede van skaars middele vir die bevrediging van verskillende

gegewe behoeftes, volgens die gegewe graad van dringendheid van die behoeftes. Om dus die studieterrein van die vak aan hierdie beginsel te koppel beteken om van die Ekonomie 'n tegniese wetenskap te maak. Die beginsel dui inderdaad slegs die tegniek aan en kan nooit „als hoofdelement der objectbepaling" aanvaar word nie.[23])

7. *Wysbegeerte en die ekonomienorm:*

Sodra daar 'n doel of 'n eis gestel word met betrekking tot die wyse waarop iets verrig moet word, kan 'n maatstaf aangelê word om te toets of dit aan die eise (doeleindes) daaraan gestel, voldoen. Die vraag is nou wat die norm vir die ekonomiebeslissing dan is. In sy mees omvattende vorm is die norm vir alle menslike optrede die voer van 'n menswaardige bestaan. Die mens moet dus die naam mens — beelddraer van God — waardig wees. Die mens moet dus aan sy skeppingsdoel beantwoord. Anders gestel: Die mens moet doelmatig lewe, waar hierdie doelmatigheid opgeneem word in die sin van „aan sy skeppingsdoel beantwoord". Hierdie norm, net soos die wese van die mens, is dus transendent geprojekteer, en net soos wat die wese van die mens transendentaal tot sy reg kom in verskillende akte-tipes, so kan hierdie algemene (hoogste) norm gepositiveer word om as norm vir die verskillende aspekte van die mens te geld. Dit is dus moontlik om 'n hele reeks gepositiveerde norme vir die mens te onderskei, byvoorbeeld 'n etiese norm, 'n juridiese norm, 'n ekonomiese norm, ens., sodanig dat al hierdie norme verdiskonteer word in die algemene (hoogste) norm en dus *noodwendig in harmonie met mekaar* sal wees.

Om dus ekonomies doelmatig te wees beteken om die ekonomiebeslissing so te verrig dat jy die grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs daarmee verkry, maar dit beteken terselfdertyd dat jy in die doelmatige verrigting van hierdie beslissing nooit in stryd kan wees met enige ander norm nie. Indien so 'n stryd in die praktyk wel sou voorkom moet dit toegeskryf word aan die onvermoë van die mens na die sondeval om ten volle te ken, aan die sonde wat in hom bly woon ondanks sy wedergeboorte.

Hierdie ekonomiese doelmatigheid kan binne die terrein van die vak nog verder gepositiveer word om daaruit die sogenaamde tegniese wette van die vak af te lei, soos byvoorbeeld blyk in die geval van die wette van vraag en aanbod of die sogenaamde wet van Gresham.[24])

Ons kom hier dus tot die gevolgtrekking dat die ekonomienorm juis die tegniese ekonomiebeginsel aanvul en verryk — meer as net tegniese betekenis gee.

Die ekonomienorm moet egter ook nie verabsoluteer word en as die

afbakeningskriterium vir die studieterrein van die vak gesien word nie. Hierdie gevaar lyk nie denkbeeldig in die lig van die volgende uitlating van Van der Kooij nie: „De zin van het economische van het handelen ligt in de economische norm, het economisch richtsnoer".[25]) Die ekonomienorm word egter gepositiveer om op die materie van die vakwetenskap betrekking te hê en nie die omgekeerde nie. Die aard van die materie bepaal dus die wyse van formulering van die ekonomienorm en nie die omgekeerde nie.

8. *Ekonomie en kosmologie:*

Nog 'n laaste opmerking oor die wysgerige grondslae van die Ekonomie word van belang geag en dit hou verband met die plek van die Ekonomie in die kosmologie.

In die modale dimensie van die kosmos neem Ekonomie 'n eie bepaalde plek in met sy antisipasies en retrosipasies in ander modaliteite. Dooyeweerd plaas in dié verband die ekonomiese wetskring as volgende op die sosiale, en dus in die sosiale gefundeer. Spier stel dit baie duidelik wanneer hy sê: „Het oeconomische rust primair op het sociale, omdat de waarde der dingen eerst effectief wordt door omgang en verkeer der mensen".[26])

Dit dui egter op 'n te eng siening van die terrein van die Ekonomie, want so gesien val die klem slegs op die ruil. Slegs ruil word eers effektief deur omgang van mense, produksie en verbruik kan daarsonder plaasvind. Neem maar die geval van 'n eenmansland (eiland) as voorbeeld. Die ruil en sommige gevalle van produksie en verbruik, is dus slegs die sosiale aspek by die ekonomiese werklikheid. So gesien moet die standpunt soos hierbo aangehaal, dus verwerp word.

'n Kosmologie soos dié van Stoker[27]) lyk in dié verband meer aanvaarbaar. Hier kan nou rekening gehou word met die dimensie van indiwiduele en sosiale strukture en dis duidelik dat die struktuurtipes waarin die ekonomiebeslissing die oorheersende rol speel, deel sal uitmaak van die studieterrein van die Ekonomie. So sal die Ekonomie ook tereg kom in die dimensies van gebeurtenisse — ekonomiese geskiedenis — en waardes — die vergelykende waarde-oordeel. Die ekonomienorm by al hierdie dimensies is bepalend vir die ekonomiese of onekonomiese van hierdie fasette van die werklikheid.

F. J. du Plessis.

P.U. vir C.H.O.

VOETNOTAS:

1) Stoker, H. G.: *Beginsels en Metodes in die Wetenskap*, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1961, p. 243.

2) Oor die vraag of Ekonomie 'n vakwetenskap of 'n „branch of learning" is, word hier nie geargumenteer nie. Sien in verband met die nie-wetenskap beskouing Bye, R. T.: „The Scope and Definition of Economics", *Journal of Political Economy*, 47, 1939, p. 647.

3) Berkouwer, G. C.: *Dogmatische Studiën: De mens het Beeld Gods*, J. H. Kok, Kampen, 1957, pp. 227—245.

4) Strauss, H. J.: *Christelike Wetenskap*, Sacum, Bloemfontein, 1953, p. 8.

5) Sien J. M. Spier: *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*, 3e druk, J. H. Kok, Kampen, 1946, p. 230.

6) Dooyeweerd is blykbaar nie heeltemal konsekwent in die gebruik van die begrip akt nie. Soms sien hy dit as vermenend besig wees met die werklikheid terwyl dit soms verdag naby aan 'n handeling kom. Vergelyk byvoorbeeld die volgende uitlatings in die verband: „The act of aesthetical imagination is typically qualified in the aesthetical aspect of experience". „Aesthetical imagination" is duidelik 'n geval van ‚opvermenende wyse met die werklikheid besig' wees. Daarteenoor sê hy in dieselfde verband: „The act of praying is typically qualified as an act of faith". Die „act of praying" kan, wanneer die gebed hardop uitgespreek word seker as Godsdienstige handeling beskou word. (Dooyeweerd, H.: *A New Critique of Theoretical Thought*, vol. III. H. J. Paris, Amsterdam, 1957. p. 88.) Wat my eie standpunt betref, wil ek beweer dat die kritiese moment van die akt die moment is waarop die vermenend besig wees met die werklikheid tot 'n beslissing lei. Slegs indien die akt tot 'n beslissing lei kan daaruit 'n bewuste handeling voortspruit. Vir alle praktiese vakwetenskaplike doeleindes kan akt en beslissing dus as ekwivalente begrippe beskou word en van handeling onderskei word. Selfs waar 'n beslissing bereik word hoef 'n handeling nie noodwendig te volg nie.

7) Dooyeweerd, H.: *A New Critique of Theoretical Thought*. vol. III, H. J. Paris, Amsterdam. 1957, p. 88.

8) Ibid.

9) Dooyeweerd se bekende beginsel van ‚universaliteit in eie kring'.

10) Die begrip ekonomiebeslissing in stede van ekonomiese beslissing word gebruik omdat ekonomiese beslissing die teenoorgestelde is van 'n onekonomiese beslissing terwyl dit hier gaan om die onderskeid tussen 'n beslissing wat met die Ekonomie verband hou teenoor een wat nie met die Ekonomie verband hou nie. 'n Ekonomiebeslissing kan dus nog onekonomies wees.

11) In die geval van die verbruiksbeslissing val die keuse teen verkryging van beskikkingsmag oor relatief skaars middele, maar ten gunste van die aanwending van die bestaande beskikkingsmag. Daarom is hier eintlik sprake van 'n negatief gekwalifiseerde ekonomiebeslissing.

12) Hennipman, P.: *Economisch Motief en Economisch Principe*, N.H.U.M., Amsterdam, 1945, p. 46.

13) Idem, hoofstuk VI.

14) Lamont, W. D.: *The Value Judgement*, Edinburgh Univ. Press, Edinburgh, 1956, p. 18. Lamont formuleer dit soos volg: „The comparative value judgement is an expression of 'choice' when objective circumstances (which are for the moment beyond our control) enforce on us the disagreeable necessity of renouncing one thing if the other is to be attained".

15) Sien J. M. Spier: *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*, 3e druk, J. H. Kok, Kampen, 1946, p. 86.

16) Robbins, L.: *An Essay on the Nature and Significance of Economic Science*, 2e hersiene druk, MacMillan, London, 1952, p. 16.

17) Dooyeweerd, H.: *A New Critique of Theoretical Thought*, vol. II, H. J. Paris, Amsterdam, 1955, p. 66.
18) Spier, J. M.: *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*, 3e druk, J. H. Kok, Kampen, 1946, p. 87.
19) Ibid.
20) Dooyeweerd, H.: *A New Critique of Theoretical Thought*, vol. II, H. J. Paris, Amsterdam, 1955, p. 67.
21) Kant, I.: *Critique of Pure Reason*, G. Bell & Sons, London, 1917.
22) Weinberger, O.: *Grundris der Algemeinen Wirtschaftsphilosophie*, Dunker & Humblot, Berlin, 1957, pp. 14—15.
23) Hennipman, P.: *Economisch Motief en Economisch Principe*, N.H.U.M., Amsterdam, 1945. p. 362.
24) Die wet van Gresham kan soos volg geformuleer word: Wanneer daar twee geldsoorte langs mekaar in omloop is, en wanneer 'n offisiële waardeverhouding tussen die geldsoorte bestaan, wat afwyk van die feitelike verhouding wat ontstaan uit die intrinsieke waarde van die geldsoorte, dan verdwyn die geld uit sirkulasie waarvan die intrinsieke waarde hoër is as die betaalmiddelwaarde. Sien vir bespreking hiervan my *Inleiding tot die Beskrywende Ekonomie*, Heijnes, Zaandijk. 1962, p. 88.
25) Van der Kooij, T. P.: *Over Economie en Humaniteit*, Zomer en Keuning, Wageningen, 1954, p. 185.
26) Spier, J. M.: *Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee*, J. H. Kok, Kampen, 1946, p. 86.
27) Stoker, H. G.: *Beginsels en metodes in die Wetenskap*, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, pp. 164—182.